Ds. PJ Kriel 27.03.2022

Inhoud Hierdie preek vir lydenstyd wys die verskil tussen Jesus Chrístus en die ander Jesus. Jesus Christus wy ons in reinheid aan God se liefde. In ons reinheid gee ons liefde as toewyding. Die ander Jesusse van die wêreld gee mense belonings vir hul liefde. Daarom aanbid gelowiges een Here maar die wêreld soek sterk Jesusse met wie hulle hul liefde kan prostiteer

Skriflesing 2 Korintiërs 11: 1 – 6, 12 – 15, 13: 3 -,4; Galasiërs 1: 1 – 10; Efesiërs 5: 25, 26.

Teks 2 Kor. 11: 2: "aangesien ek julle aan een Man, aan Christus verbind het, om julle as 'n rein maagd aan Hom te bied."

Tema Christus wy ons in reinheid aan God toe

1. Ek wil graag saam met u vanoggend begin met 'n reeks van preke op pad na die Paasfees en Pinkster. In hierdie preke gaan ons kyk na die verskil tussen dit wat Paulus in 2 Kor. 11: 4 noem die ander Jesus, die ander gees en die ander evangelie teenoor die evangelie van Jesus en die Heilige Gees wat Paulus gepreek het.

Paulus skryf die briewe wat ons gelees het tussen die jare 53 en 55 na Christus. In hierdie tyd, die tyd van die eerste sendingwerk van die kerk, direk na Christus se hemelvaart, is daar die apostels wat die evangelie van Jesus en die Heilige Gees preek, soos ons dit in die geskrifte van die NT het. Terselfdertyd is daar in die nuutgestigte gemeentes die prediking van 'n ander evangelie oor die ander Jesus en die ander gees.

Met Paasfees en Pinkster gaan ons in besonder stilstaan by die evangelie van Jesus en die Heilige Gees. Ons leef in 'n tyd waar dit wat Paulus die ander evangelie, die ander Jesus en die ander gees noem, amper die bekendste en gewildste evangelie, Jesus en gees is. Die is so bekend en gewild dat die evangelie van Jesus en die Heilige Gees wat die apostels gepreek het, in groot dele van die kerk die onbekende evangelie, Jesus en Gees geword het.

Daarom kan ons weer na hierdie teenstelling binne die Bybelboeke en die tyd waarin die apostels gepreek het gaan kyk om vir ons self weer 'n keer die evangelie, Jesus en die Heilige Gees te kan eien teenoor die ander evangelie, Jesus en gees.

2. Hoekom is daar altyd hierdie konflik binne die kerk van die Here?

Dit gaan oor 'n goddelose wêreld se drif om in te koop en wins te maak uit dit wat Paulus noem, opregte en reine toewyding aan Christus.

Opregte en reine toewyding aan Christus is om Hom as Here lief te hê met jou hele hart, siel verstand en al jou kragte – sonder enige verwagting van beloning ( opreg) en sonder enige bymotiewe. (rein) Dit is algehele liefde, diens en gehoorsaamheid!

Alles wat jou voel, aan dink, ervaar en doen, gaan oor Hom en net oor Hom omdat Hy is wat Hy is: God! Hierdie liefde wat God toekom, wil die wêreld opeis en in inkoop om deel daarvan te wees.

Die wêreld soek nie liefde waar mense hulle naaste lief het, dien en eer soos hulle self as mens nie. Gedeelde liefde, diens en gehoorsaamheid nie. Hulle soek algehele liefde en diensbaarheid.

Geliefdes soek nie ŉ gedeelde lewe, liefde, gevoels- en gedagtewêreld nie. Hulle soek algehele liefde van en vir mekaar. Ouers soek kinders se algehele liefde en kinders soek ouers se algehele liefde, nie gedeelde liefde nie. Net so soek werkgewers en werknemers algehele diens en sorg van mekaar. En dit is die passie van elke godlose regering – algehele toewyding, diens en gehoorsaamheid van sy onderdane en hulle verwag algehele sorg.

Mense soek die opregte en rein toewyding wat net God toekom as toewyding aan hulle self. Daarom wil mense ŉ ander evangelie hoor en in ŉ ander Jesus en gees glo – om as mense algehele liefde vir mekaar te kan hê.

3. Net aan een Man, Christus verbind!

Paulus gebruik hier ŉ beeld uit die Ou Testament wat feitlik elke profeet gebruik het om die afgodsdiens van Israel aan te spreek. Hulle het die volk se afgodsdiens verbeeld as die verhouding van ŉ slegte vrou met baie mans terwyl sy getroud is. Elke man soek by hierdie vrou die liefde wat net haar man toekom en sy gee dit vir hulle.

Elke afgod het in Israel se ewe ŉ plek en tyd gehad en elke afgod het sy geleentheid gekry waar hy alles is en met algehele liefde vereer is. So het Israel weer die mag en krag gekry vir algehele liefdes in hulle lewe. Hul mag dit van en vir mekaar opeis in die naam van die afgode wat hulle elkeen ŉ algehele tydjie gee, wat net god toegekom het.

Paulus verklaar dat die Christus wie hy verkondig is net Een Man. Die gelowiges kan net aan een Here en een Vader en Gees verbind wees as Een Man. Daar kan geen ander aanspraak wees op die algehele liefde van gelowiges as net Christus nie.

En dit is Jesus Christus wat in swakheid gekruisig is maar vandag as mens leef deur die krag van God. (1 Kor. 13: 4)

Daarmee wys Paulus vir ons wie is die ander Jesus wie mense soek. Hulle sien Jesus wat gekruisig is as die swak Jesus terwyl hulle ŉ kragtige Jesus soek. Vir hulle is Jesus wat gekruisig is die Een Man wat swak is. Daarom soek hulle ander Christusse wat kragtig en nie ŉ gekruisigde swakkeling is nie.

4. Sterk mans wat jou sterk laat voel! Dit is die ander Christusse wat die wêreld mee besig is. Die wêreld wil met die ander mans en nie met Een Man wil besig wees nie.

Dit was die sterk Christusse wat die apostels, die Jode en ook Paulus gesoek het voor hulle verbintenis met Christus. Paulus noem ironies die verkondiging van Jesus,

die verkondiging van dwaasheid. (1 Kor. 1: 22) Dan wys hy dat Grieke en Jode aanstoot neem aan Jesus as die gekruisigde Christus want dit is ŉ dom en swak Christus vir dom en swak mense. ( 1 Kor. 1: 21 – 25)

Nie een van Jesus se eie apostels het in sy kruisiging, dood en opstanding van hulle sondes geglo nie, want hulle was in hul self sterk geestelike mense wat ŉ sterk geestelike leiers gesoek het. Net so het die Jode en Paulus ook Jesus as swakkeling verwerp. Hulle het hulself aan elke Jood wat gesê het hy is die krag van God van hulle krag sal gee om God se kragtiges te wees uitgelewer en opgeveil. Algehele toewyding vir algehele mag en krag! En die Grieke het dit presies met elke God wat elke mens uitgedink het gedoen!

Krag-ervarings deur kragtige verlossers! Algehele liefdes en diens vir algehele mag!

En so kry jy een na die ander soort Christus wat opgedis word wat jy goddelike krag-ervarings sal gee. Die krag dat jy algehele mag kry deur jouself aan kragtige Christusse oor te gee. Van een soort Christus na die ander een, want die Een Man Jesus Christus gee jou nie kragtige goddelike liefde en belewenisse nie.

Die Christus wie Paulus verkondig is Een Man: Hy is God alleen wat alles vir ons is en doen sodat ons weer in sy liefde as God kan leef en Hy doen dit deur die oënskynlike swakheid van sy kruisiging.

5. Deur die swakheid van sy kruisiging bied Christus sondaars aan God die Vader as ŉ rein maagd.

Die evangelie word in hierdie teenstrydigheid openbaar: sondaars is vir God ŉ rein maagd! Dit is die krag van die lewende Christus. ŉ Rein maagd is ŉ vrou wat nog by geen ander man was nie en haarself net vir haar man gespaar het. Sondaars is nie in hulle self vir God ŉ rein maagd nie. Daarom kan hulle hulself ook nie aan God gee as ŉ rein maagd nie.

In sonde bevlek mense hulself met die bygeloof en ongeloof deur hulself vir elke soort verlosser of afgod uit te gee vir algehele krag en mag deur algehele liefdes.

Nou hoe kan Christus dan sondaars aan die Vader aanbied as rein maagde?

Paulus neem presies net weer hierdie heilswaarheid op in Efesiërs 5: 25 – 27) met die aankondiging: "Christus het die kerk lief gehad en homself ter wille van haar oorgegee sodat Hy haar kon heilig, deur dat Hy haar gereinig het deur die was van water en die woord. Dit het Hy gedoen, sodat Hy vir Homself die kerk in heerlikheid daar kan stel, sonder vlek of rimpel of enige iets dergeliks heilig en sonder smet."

Dit is die kragtigheid van die oënskynlike swakheid van die gekruisigde Christus: Hy het Homself as ŉ heilige, rein en smetlose mens aan die kruis oorgegee om die straf te dra van hulle wat hulself nie vir God gespaar het nie.

Christus stel sondaars deur sy krag as Christus voor God as ŉ rein maagd: vir God se liefde heilig gemaak, rein gemaak en smetloos gemaak.

6. Geheilig vir opregte en rein toewyding net aan Christus!

Net een Christus doen dit: maak sondaars weer maagde vir God se liefde, Jesus Christus. Daarom is gelowiges net aan Een Man gewy – net aan Jesus die gekruisigde Here.

Algehele liefde, sonder die verwagting van beloning en sonder die sug om mag deur liefde te kry, met my hele hart, siel verstand en al my kragte dien ek net Jesus die Christus wat my aan sy liefde as God toegewy het.

Omdat ons deur sy liefde aan sy liefde toegewy is, soek ons nie belonings en kragte vir liefde nie. Gee ons liefde wat net liefde is! Algehele liefde net vir Christus, Een Man!

Die ander Christusse, beloon liefde! Dit is mos die hart van alle prostitusie! Liefde moet beloon word. Liefde is diens waarvoor God ons moet betaal! Dit is hoe ons die Jesus van die evangelie kan onderskei van die ander Jesus van die ander evangelie! Liefde vir betaling!

Die profete wys vir ons hierdie kontras. Liefde vir betaling is hoe afgode aanbid word. Hosea beskryf dit só: “Ek wil agter my minnaars aanloop, hulle wat vir my brood en water, my wol en vlas, my olie en drank gee.” Hosea 2: 4 Wanneer jy hierdie gode liefhet beloon hulle jou met wat jy nodig het. Hierteen stel Hosea die liefde wat God in ons skep deur sy liefde: “Al sou die vyebome nie bot nie, daar geen opbrengs aan die wingerdstokke wees nie, die drag van die olyfbome teleur stel, die landerye niks oplewer nie, kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle oor wees nie, nogtans sal ek jubel in die Here sal ek juig in die god wat my verlos.” Hab. 3: 17.

Christus heilig ons vir die opregte en rein liefde soos Habakuk dit aangekondig het: ons het God lief omdat Hy ons vir sy liefde geheilig het, vir sy liefde rein maagde gemaak het deur Jesus Christus nie omdat hy liefde beloon nie. Die ander Jesus en ander gees is die Jesus wat liefde vir God beloon en die gees wat jy kragtig maak in jou eie begeertes.

7. Die ander Jesus en gees is altyd baie Jesusse en baie geeste!

Afgodsdiens werk altyd só – vir elke begeertes en behoefte is daar ’n ander God! ’n God vir reën, ’n ander God vir groeikrag van oeste, ’n ander God vir vrugbaarheid, ’n ander God vir vrede, ’n ander God vir versoening, ’n ander God vir liefde, ’n ander God vir blydskap.

Elke natuur en menslike krag word ’n ander God wat jy op ’n ander manier moet eer en lief hê.

Dit is hoe die ander Jesus en gees werk. Jy moet van voor af elke keer weer ’n ander en nuwe liefde en verhouding met hierdie Jesus en hierdie gees leer ken, want die vorige verhouding met die ander Jesus help jou nie met ’n ander behoefte nie.

Die ander Jesus en gees is een nuwe en ander geestelike ervaring op die ander waarin jy elke keer ʼn nuwe liefde of gehoorsaamheid moet aanleer.

Elke Minnaar het sy eie eise vir liefde met sy eie besondere bederfies as jy hom liefde gee.

Hierteenoor is die Here Jesus Een Man. Hy is die Here wat ons van alle sondes verlos om ons rein aan God te wy. Hy is die Here wat ons in alles altyd versorg terwyl ons altyd op dieselfde wyse volgens sy een wet lief het. Een Man wie ons volkome liefhet en volledig versorg – die gekruisigde Here Jesus Christus. Hierteenoor staan die baie sterk mans, ander sterk Jesusse en ander gees wat ons betaal vir ons liefde.

8. Die verskil tussen Jesus Chrístus en die Heilige Gees en die ander Jesus en gees, wys ook baie duidelik in die bediening van die evangelie. Daarom gaan dit ook oor die verskil tussen die evangelie en die ander evangelie.

Paulus en die ander apostels se evangelie-bediening in prediking, kategese en Bybelstudie werk só: “Want ek is jaloers oor julle met ʼn goddelike jaloesie, aangesien ek julle aan Een Man, aan Christus verbind het, om julle as ʼn rien maag aan hom te bied.” (2 Kor. 11:2) In en deur die evangelie-bediening van Jesus Chrístus word sondaars opgeroep om in en deur hulle geloof in Christus as rein maagde voor God te verskyn. Rein in God se liefde! Rein vir God in hulle liefde vir Hom, om hulself in hul liefde, met al die gebreke, en foute daarin hulself rein en opreg aan God te kan toewy.

Die gemeente het hierdie evangelie-bediening gehoor as ʼn swak evangelie van ʼn swak Jesus en swak gees. Hoe het die evangelie-bediening van die ander Jesus en gees geklink waarin hulle ook geluister het? Paulus beskryf hierdie ander bediening sarkasties só: “Want julle verdra dit mos graag dwase mense, al is julle so verstandig. Want julle verdra dit as iemand julle slawe maak, as iemand julle uitsuig, as iemand julle misbruik, as iemand hooghartig optree en julle in die gesig slaan.” (2 Kor. 11: 19,20)

Die ander evangelie word só gepreek! Julle moet voor God in julle onreinheid, onheiligheid en valsheid gaan verskyn! Julle moet voor God in die vernedering van julle skande, julle smet en vuilheid gaan staan! Julle moet julle voor God self verag, verwerp, aankla en bestraf – en dan sal julle so rein, goed en kragtig soos ek wees wat vandag vir julle preek. Ek het dit al alles gedoen en reg gekry!

Hierdie manier van preek staan direk teenoor die evangelie-bediening waar sondaars voor God as rein maagde, heilig, sonder smet en onberispelik in Christus gestel word (Efe. 5: 27) en só in die geloof na God gaan en voor Hom verskyn.

9. Die rede hoekom ons so maklik in ʼn ander evangelie verdra en ander Jesus en gees aanneem, is omdat ons nie werklike liefde ken nie. Ons word groot gemaak van kleinsaf deur vir liefde beloon te word. Ouers dissiplineer kinders deur hulle met geld en lekkers te beloon om te doen wat hulle gewoon weg net uit liefde moes gedoen het, soos skottelgoed was, kamers skoonmaak, bed opmaak, tuinmaak en selfs skoolwerk doen. Dit is hoe ons ook kerklike grootgemaak word: God sal jou met

ree, vrede, versoening, geluk en welvaart beloon wanneer jy Hom algehele liefde gee. Maar dit is nie liefde nie. dit is prostitusie: betaling vir liefde!

Daarom is die werklike liefde van die Here Jesus, vir ons ’n vreemde liefde waarin ons nie weet hoe om onsself te wees nie. Jesus Christus het gekom om ons in werklike liefde in te sluit en te laat leef, sodat ons bevry kan wees van beloonde liefde en tuis kan word in wat werklik liefde is.

Daar is nie ruimte in een kerk vir die evangelie, Jesus en die Heilige Gees en die ander evangelie Jesus en die gees nie!

Dit stel Paulus kategories in Gal. 1: 9: “As iemand ’n evangelie verkondig wat in stryd is met wat julle ontvang het, laat hom vervloek wees.” Dit verklaar Paulus na hy gestel het dat daar nie ’n ander evangelie is nie, maar net die evangelie en ’n verdraaiing van die evangelie. Paulus spreek nie hier sommer ’n persoonlike vloek uit oor ander predikante wat met hom verskil nie. In Gal. 3 verduidelik het dat ons net deur die evangelie deur God geseën. Wie nie die evangelie van die gekruisigde Jesus glo nie, word deur God vervloek. Dit ander evangelie, Jesus en die gees is hoe mense onder di vloek van God geplaas word deur predikers wat dienaars van Satan is. (2 Kor. 11: 12 – 15)

Die ander evangelie is nie maar net nog ’n manier om in Jesus te glo en God lief te hê. Dit is die verleiding van Satan deur predikers om Christus en die ander sterk mans lief te hê: dit is geestelike prostitusie binne die kerk van Een Man.

Ons glo een evangelie, een Here en een Gees! Ons wy ons in reinheid en opregtheid aan God wat ons liefhet en verwerp enige vorm van liefde vir God wat beloon word.